# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

MOEGAMAT TAPE PHILLIPS ................ Appellant

EN

DIE STAAT ............................ Respondent

Coram: CILLIé, HEFER *et* GROSSKOPF, ARR

Verhoor: 23 Augustus 1985

Gelewer: 2 September 1985

---

## U I T S P R A A K

CILLIé, AR :

Die appellant kom in hoër beroep teen die straf wat hom in die Kaapse Hooggeregshof opgelê is na sy skuldigbevinding aan moord met versagtende omstandighede;

die .... / 2

die vonnis was vyf-en-twintig jaar gevangenisstraf. Hy is terselfdertyd ook aan die onwettige besit van 'n vuurwapen skuldig bevind en tot 'n verdere twee jaar gevonnis. Teen die laasgenoemde straf wat met die eersgenoemde saamloop, word nie geappelleer nie en dit hoef nie weer vermeld te word nie.

Die moord het in die volgende omstandighede plaasgevind. Teen ongeveer halfeen op Nuwejaarsoggend, 1982, het die oorledene, 'n jong Kleurlingmeisie van vyftien jaar oud, saam met 'n vriendin en 'n jongman in Rywood Walk, Hanoverpark, gestap. Hulle het die aand by 'n gemeenskaplike vriendin in die omgewing gekuier en het besluit om by 'n nabygeleë winkeltjie versnaperings te gaan koop. Die winkeltjie was gesluit en hulle was op pad terug. Toe hulle reeds so na aan hulle gasvrou se woonstel was dat sy hulle van 'n balkon af kon sien,

het hulle die appellant teegekom. Hy was alleen en tot 'n mate onder die invloed van sterk drank. Dit is nie duidelik of hulle mekaar geken het en, indien wel, hoe goed nie. Die appellant wou hulle kwansuis 'n gelukkige Nuwejaar toewens. Die jongman het die appellant se hand geskud maar die twee meisies wou niks met hom te doen gehad het nie en het aangestap. Getuienis oor vuil taal wat toe gebesig sou gewees het en van woorde van die jongman wat die appellant onder die indruk sou gebring het dat hy met 'n vuurwapen bedreig gaan word, is tereg deur die Verhoorhof by sy beslissings buite rekening gelaat. Wat wel gebeur het, is dat die appellant hom vererg het oor die meisies se gedrag en gesê het:

> "Weet jy (of julle) nie dat ek jou (of julle) kan vrek skiet nie?"

Hy .... / 4

Hy het 'n rewolwer te voorskyn gehaal en die eerste skoot afge-skiet. Die jongman en die twee meisies het plat op die grond geval; geeneen van hulle is raak geskiet nie. Toe hulle weer opspring en weghardloop het die appellant die rewolwer in die rigting van die oorledene gehou en die tweede skoot afgeskiet. Die oorledene was sowat drie-en-dertig meter van die appellant af; sy is getref, het neergeval en het gesterf. Hy het weg-gehardloop.

Namens die appellant word nie beweer dat daar enige mistasting of onreëlmatighede ten opsigte van die straf of die strafoplegging plaasgevind het nie; die betoog was dat hierdie Hof moet ingryp en die straf verlig omdat die 25 jaar gevangenisstraf so onvanpas is dat dit deur geen hof redeliker-wyse opgelê sou word nie. Dit is dus nodig om die hele

aangeleentheid en al die tersaaklike feite te ondersoek met inagneming van die aard van die misdaad, die omstandighede van die appellant as pleger van die misdaad en die eise van die samelewing.

Moord is een van die ernstigste misdade in die strafreg. Slegs waar daar versagtende omstandighede in 'n geval soos hierdie teenwoordig is, is die doodstraf nie die enigste vonnis nie; selfs waar sodanige omstandighede bestaan mag 'n verhoorregter nog in die uitoefening van sy diskresie in 'n gepaste geval 'n moordenaar ter dood veroordeel. In hierdie geval het die appellant 'n onskuldige jongdogter wie se optrede in alle opsigte korrek en prysenswaardig was, koelbloedig en sonder rede doodgeskiet en vermoor. Die Verhoorhof het bevind dat daar versagtende omstandighede, naamlik die inname van

drank, en die gebrek aan sowel beplanning as dolus directus, by die misdryf teenwoordig was. Dit was, terloops, die tweede moord wat die appellant gepleeg het.

Wat die appellant self betref is dit nie nodig om verder na sy optrede by die pleging van die misdaad te verwys nie. Omtrent sy verlede het die Verhoorhof tereg opgemerk:

"Sy rekord is skrikwekkend."

Sy volledige lys van oortredings word aangehaal omdat dit in hierdie besondere deel van die ondersoek sowel as die volgende van belang is. Die datum van die oortreding word eers aangegee, daarna die aard van die oortreding en dan die straf wat opgelê is:

22-09-67. Aanranding met die doel om ernstig te beseer; hy het 'n mes gebruik en die slagoofer was 'n jong Kleurlingman. Straf: Ses houe met 'n ligte rottang.

18-02-68. Aanranding met die doel om ernstig te beseer; hy

het 'n swaard gebruik en die slagoffer was 'n Kleurlingman. Straf: 60 dae gevangenisstraf.

21-11-68. Roof van 'n armhorlosie en geld; hy het sy slagoffer, 'n Kleurlingman, met die geskoende voet geskop. Straf: sewe houe met ligte rottang.

16-02-70. (1) Besit van dagga vir eie gebruik. Straf: R5 of 15 dae gevangenisstraf.
(2) Verset teen arrestasie. Straf: 6 houe met rottang.

15-05-70. Roof van 'n geldsak met R75-23 daarin. Sy slagoffer was 'n Blanke man. Straf: 2 jaar gevangenisstraf.

21-07-70. Besit van dagga vir eie gebruik. Straf: R100 of 100 dae gevangenisstraf en 50 dae gevangenisstraf.

15-09-70. Sodomie met 'n Kleurlingman. Straf: 6 maande gevangenisstraf.

29-10-70. Moord met 'n mes. Die slagoffer was 'n Kleurlingseun van 17 jaar oud. Straf: 7 jaar gevangenisstraf.

11-01-78. Die appellant word onvoorwaardelik vrygelaat.

18-01-80. Twee aanklagte van aanranding met die doel om ernstig te beseer. By die straftoemeting is die twee

aanklagte .... / 8

miskien een of drie of vyf jaar minder nie. Hoewel leiding by soortgelyke sake gesoek kan word is dit nie raadsaam om die strawwe slaafs na te volg nie; die getuienis en omstandighede in dergelike sake is selde, indien ooit, presies soos dié in die saak wat behandel word. Dit is genoeg om in hierdie geval te sê dat, na oorweging van al die relevante getuienis en omstandighede, ek tot die slotsom gekom het dat die Verhoorhof 'n gepaste vonnis opgelê het. Die appèl kan derhalwe nie slaag nie.

Die appèl word afgewys.

P.M. CILLIé, AR

HEFER, AR )
stem saam
GROSSKOPF, AR )